’N ABSOLUUT

Doen dit nie sommer net iets aan julle nie? Dit doen dit beslis. Laat ons nou buig in gebed.

2 Here, soos dit vir ons uitgedruk is in hierdie lieflike lied, *Hoe Groot Is U*, en ons dink, vanmôre, wat sou ons doen as dit nie vir U was nie! En dan wanneer ons dink dat U so groot is, en toe het U liefde U gedwing om ons in gedagte te hou, dan kan my siel dit skaars inneem. Dis waar. Ek bid dat U ons vandag sal seën, nou waar ons voortgaan met die diens, dat U vir ons die Brood van die Lewe sal breek, wat die openbaring van Christus is. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

3 Broer Ungren is ’n gereelde kommer na die tabernakel. En hy woon in Memphis, Tennessee, hy en sy moeder, sy vrou. En die hele familie kom na die tabernakel toe. En baie selde kry ek hom te hore, omdat dit altyd so besig is, maar vanoggend was ek vasbeslote om hom hierdie lied te hoor sing. Hy sing ’n ander een, een van my gunstelinge *Af Uit Sy Glorie*. En hulle is my gunstelingliedere. En ek het die grootse voorreg gehad om sy vader te ontmoet, vanmôre, die eerste keer wat ek ooit daardie voorreg gehad het, ’n goeie man. En—en Broer Ungren, sy vader, sal—sal nooit weggaan solank as sy seun, Morris, lewe nie, omdat hulle beslis na mekaar lyk.

4 En sy vrou, Broer Morris Ungren se moeder, het hierdie laaste vyftien jaar net gelewe deur die genade van God. Sy was sekerlik ’n groot inspirasie vir my, om dit te sien; het deur die donker ure gegaan wat sy het, en tog vasgehou aan God se onveranderlike hand. Dit druk vir ons die egtheid van Christenskap uit, en die geloof van hulle wat dit glo. So, ek is baie bly daaroor vanmôre.

5 Ons het pas ’n troue gehad, op die onderste vloer. Twee van my kinders het getrou, en my kinders van die tabernakel; ons klein Billy Simpson en die klein Myers dogter, hulle was lieflinge vir ’n hele ruk; Sharol, ja. Hulle was . . . Hulle is ook verwant hier, of die klein Sharol Myers is, aan Broer Ungren-hulle. So, ons is bly saam met hulle, ek sien hulle het hulle plek ingeneem, na die troue, gaan reg terug in die ouditorium van die kerk, en gaan sit om na die diens te luister. Daardie kinders het altyd ’n diep plek in my hart gehad, omdat hulle so ontvanklik vir die Woord is. Hulle—hulle het die Woord sommer lief. Ek dink dit nie, dat ek hulle my kinders noem, dink ek nie hulle is iets beter as ander kinders nie. Maar hulle sien net op na my, en ek—ek—ek kyk na God vir hulle.

6 Klein Billy wou trou, en toe was hy bang hy sou na die leër moes gaan. En daar was twee of drie van hulle in daardie selfde omstandigheid. En daardie seuns het daar na my gekom, en gesê:

"Broer Branham, ons—ons wil nie ontduikers of enigiets wees nie, maar ons wil hê jy moet God vra." En hulle gee my die gronde waarop hulle van die leër af wil wegbly, as hulle kon; nie omdat hulle nie die land wil verdedig nie, in enigiets wat hulle kon doen. Maar die ding was, dat as hulle—as hulle gegaan het, sou hulle tussen die verkeerde soort mense beland het daar in daardie (ek weet nie wat jy dit noem nie) PX-se, of wat jy dit ook al noem, en dan beland hulle daar waar daardie halfnaakte vroue tekere gaan. Dis geen plek vir 'n Christenseun nie, en toe het God hulle versoek toegestaan.

7 En nou kom klein Billy vanmôre, om te trou met hierdie goeie klein Sharol, so ons is bly saam met hulle. En ons wens hulle net die beste toe in God se Koninkryk, vir hulle.

8 En nou was dit 'n grootse tyd vir ons. Ons het 'n mooi Sondagskoolklas gehad hier vanoggend, 'n volgepakte kerk, so ons is baie bly. En dikwels, predikers, dit—dit bemoedig ons om mense te sien kom luister na jou. Want, sien julle, jy hou nie daarvan om met leë kerkbanke te praat nie, want hulle . . . Ons sou net dieselfde praat as daar een persoon hier is. Maar tog voel dit goed as jy dink: "As *hierdie* een dit mis, sal die ander een dit kry, sien jy." En dit maak dit anders, maak dit heerlik.

9 En nou, sommer in die onderhoude nou pas, dit is, as ons net vinnig kan deurhardloop deur hulle.

10 Ek het Broer Boutliere ontmoet toe ek uitkom, en ek het hom nie gesien sedert ek hier is nie. Ek het gesê: "Waar was jy?"

Hy het gesê: "Het 'n kalkoen-ete gereed gemaak vir hulle."

En toe vertel ek hom ek het bietjie afgeval. Hy het gesê: "Jy?"

Ek het gesê: "Jy het niks verander nie."

Hy het gesê: "Jy ook nie."

11 Ek het gesê: "Dis regtig diplomasie." Ek het gesê: "Maar, weet jy, ek het. Ek het van honderd-en-sewentig gegaan na honderd vyf-en-veertig; so ek het beslis verander." My pakke almal, te, bietjie te groot vir my. En iemand het pas vir my nog een gekry nou die dag, sodat ek dit hier kon dra; een wat nie van die skouers afgehang het nie, en die middellyn oorhang nie.

12 Maar ek—ek probeer my allerbeste doen vir Jesus Christus terwyl ek die kans het om dit te doen. En julle mooi opkoms!

13 Ek het vertel in die kamer so pas, ek het die groot Heilige Gees 'n kanker sien wegneem van 'n vrou se liggaam, reg daarbinne. Sy's 'n vrou van Texas. En 'n dame sit daar, dat ek nog nooit 'n persoon so senuweeagtig gesien het nie, 'n prediker se vrou, net 'n paar oomblikke gelede. En die Here het my 'n visioen gewys van haar wat daar sit, en ek het haar gesien. Sy het gebel vanaf New York, en sy wou hier inglip. Sy het net 'n vyf minute gehad, toe gesien haar man ly aan 'n maagseer, en wat die maagseer veroorsaak het, was sy bekommernis oor sy vrou.

Almagtige God, bedaar daardie vrou wat daar sit. Sy sit, kyk nou na my. So, en ook wil ek vir jou sê, broer, jou maagseer is klaar. Sien? Ja, jy gaan nou gesond wees en terugkeer na die werk van die Here.

14 Nou, wanneer jy iets sien wat die Here doen, kan—kan jy nie vol word daarvan nie. Jy wil net bly aanhou, bly aanhou, bly aanhou, bly aanhou.

15 En nou, gisteraand het ons 'n groot gebedsdiens gehad, en dis goed, dis mooi. Hande lê op die siekes, dis 'n goeie ding. Dis al wat dit vereis, somtyds. En dan is daar party waar daar iets daaragter is, dat hulle—hulle nie kan ontvang nie, en jy moet daardie persoon kry en uitvind wat dit is. Sien, daar is iets wat hulle verhinder, iets wat in die pad is. En een skaduweetjie sal dit wegvibreer.

16 Nou, die dametjie daarbinne 'n paar oomblikke gelede, sy was so senuweeagtig, so ontsteld. Arme skepseltjie, sy kon nie eens haar asem kry nie. Sy het net . . . [Broer Branham haal asem in en uit, snak na asem—Red.] en het net—net aangegaan, sien.

17 Nou, die ding wat jy moet doen. Hier is net 'n geheimpie, sien. Dis vang haar gees. Sien? En dan projekteer jy na haar jou einste gedagte. Sien? En jy verander jou denke. Sien? Dan wanneer dit so maak, dan kan jy haar op Christus sentreer, en van daar af kan sy voortgaan. Maar jy moet haar manier van dink vernader, sien. Sy kan dit nie self verander nie. Sy loop net in 'n maalkolk, en jy moet dit optel. Nou daar is 'n ietsie wat jou gee bietjie . . . Moet dit nie probeer bestudeer nie; moet dit nie doen nie. Glo net, en gaan voort.

18 Hoe kon daardie babatjie, lê daar in daardie moederarms, was dood sedert nege-uur daardie oggend, en sommer ver die nag in daardie aand, waar was daardie klein gesie? Jy moet daardie gees gaan vind en dit terugbring. En dan wanneer jy dit aan die terugkom sien, dan kan jy opstaan in die Naam van die Here en dit noem. Sien, dan sal dit gebeur. Maar totdat jy dit doen, mors jy net jou asem, sien.

19 Dis niks—niks so misterieus nie. Dis God vind, om jouself uit die pad te kry en die Heilige Gees jou te laat gebruik vir wat Hy ook al wil doen. Dis dit. Die vernaamste ding, van enige gawe, is jou eie idees uit die pad kry, en Christus toe te laat. Dan wat ook al Dit gesê het, as jy wil weet of dit Christus is of nie . . . Net 'n sensasie, los dit alleen. Maar as dit net 'n emosie is, los dit alleen. Maar as dit geskryf is in die Woord, dan is dit God. Beoordeel altyd alles, wat enige gees jou sê, volgens die Woord. Die Woord, moet nooit wegdwaal van daardie Woord nie; doen jy dit, is jy verlore.

20 Nou, voor ons bly tot middaguur, net so te praat, laat ons blaai in die Bybel en 'n paar Skrifte hier lees. En dan gaan ons . . .

Ek is lief vir God se Woord. Ek weet ons almal is. Nou het nie gehad . . .

21 Ek wou preek, vanoggend, of praat, die Sondagskool leer, van die verborge geheimenisse van God sedert die grondlegging van die wêreld, wat openbaar word in Jesus Christus. En ek het nie ’n kans gekry om dit alles uit te werk nie. Ek het vergeet van die troue wat kom, so ek—ek kom miskien daarby die volgende keer wat ek aankom.

22 Nou ek gaan iets lees uit drie plekke in die Bybel. Die eerste, wil ek lees uit Filippense 1. Die 1ste hoofstuk van Filippense, vanaf die 19de vers, en lees ook deur na die 22ste.

> *Want ek weet dat dit deur julle gebed en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot heil sal strek,*
>
> *volgens my reikhalsende* verwagtinge *en hoop dat ek in niks beskaam sal word nie; maar dat Christus met alle vrymoedigheid, soos altyd so ook nou, groot gemaak sal word in my liggaam, of dit deur die lewe of deur die dood is.*
>
> *Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins.*
>
> *Maar as ek in die vlees moet lewe, dan beteken dit vir my vrugbare arbeid; en wat ek sal kies, weet ek nie.*

23 Nou daar in die Boek van Romeine. En ons wil begin by die 8ste hoofstuk van Romeine, en die 35ste vers, om te bou op wat ek as ’n teks wil neem.

> *Wie sal ons skei van die liefde van Christus—* verdrukkings *of benoudheid . . .* vervolgings *. . . honger of naaktheid . . . gevaar . . . swaard?*
>
> *Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.*
>
> *Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.*
>
> *Want ek is verseker dat geen dood of lewe of* engel *of* owerheid *of magte of teenwoordige of toekomende dinge,* nóg . . .
>
> *of hoogte . . . diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.*

24 In Handelinge 2, in die 30ste vers.

> *Omdat hy dan ’n profeet was en geweet het dat God vir hom met ’n eed gesweer het dat hy uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit,*

25 Nou dit is baie Skrifte, gaan soort van rond van een plek na ’n ander in die Bybel. Maar ons weet dat as soveel Skrifte gelees

is, gaan ons Daarin iets vind wat ons gaan—gaan help. Nou mag God ons nou help, waar ek graag hierdie onderwerp wil neem vanmôre, as die woord absoluut: *'n Absoluut*.

26 Nou ons, toe ek hierdie teks nageslaan het, het ek na die woordeboek gegaan. Ek het gedink: "Wat? Iemand bly sê: 'Dis absoluut, die waarheid. Absoluut, dit is dit.'" Ek het gedink: "Wat is daardie woord? Wat beteken dit, *absoluut*?" En ek is na die woordeboek om uit te vind wat dit beteken.

27 Webster sê dit is "volmaak in sigself, onbeperk in sy krag, primêr 'n uiterste." Sien: "onbeperk in sy krag, volmaak in sigself en dit is werklik 'n uiterste," die woord *absoluut*.

28 En ek wil dit graag sê, en vertrou dat julle hierdie woorde sal snap, want ek is nie 'n opgeleide kerklike in die hoe om, en die sielkundige manier om 'n fassinerende ding te bring wat die mense sal vasvang nie. Al ding wat ek doen, is probeer om die beste te doen wat ek kan, ten behoewe van die vriende wat Christus my gegee het, en ek—ek—ek wil hê hulle moet sien wat my gedagte oor Christus is.

29 Nou, elke groot prestasie is verbind met 'n absoluut. Jy kan die lewe nie deurloop sonder om 'n absoluut te hê nie. Jy kan nie 'n prestasie bereik sonder dat dit 'n absoluut is nie, want dis die finale ankerpaal. Dis die—dis die vasmaakplek aan die einde van die reis. Dis 'n plek waar jy vasgemaak word aan iets.

30 In die dag waarin ons nou lewe, en alles so opgebreek is, so broos en weggevoer, dink ek dat hierdie Boodskap sou 'n baie paslike ding wees, veral vir Christene wanneer hulle nou deur hulle diep waters gaan. Die Christelike kerk gaan deur die diepste water wat dit vir die laaste tweeduisend jaar gehad het. Want, ons kom by 'n punt waar daar iets aangebied word aan die Christendom, iets waaroor hulle 'n besluit moet neem, en ek dink dat die Christelike kerk behoort iets te hê wat hulle weet hulle aan vasgemaak is, in plaas van net rond te dryf soos 'n blaar op die water, die wind. Soos die Bybel gesê het: "Voortgedra deur elke wind van doktriene." Die winde kom en waai die blaartjie na *hierdie* kant, en dan kom 'n ander wind, die noordewind, die suidewind, die oostewind, die westewind. Jy sal nooit êrens kom nie, jy's nie stabiel nie. Die Christelike lewe behoort 'n stabiele lewe te wees. Dit behoort iets te wees wat—wat 'n beginsel is waar—waaraan jy verbind is, wat meer is as die lewe self.

31 En jy moet iets hê waaraan jy verbind is. Sommige mense is verbind aan hulle besigheid. Sommige is verbind aan hulle families. Sommige is verbind aan 'n geloofsbelydenis. Sommige is verbind aan die leërpaal. Ons het verskillende dinge waaraan ons verbind is. Maar ek dink, as 'n Christen, behoort ons verbind te wees waar ons weet dis reg, sien. Want, jy kan dalk aan jou familie verbonde wees, en jou—jou vrou sou jou kon verlaat. Jy kan dalk aan die leër verbonde wees, en jy kan dalk gedood word.

En jy kan dalk aan baie verskillende dinge verbonde wees, en dit kom tot 'n einde. Maar daar moet 'n finale ankerpaal wees. Daar moet iewers wees waar—waar 'n man moet vasmaak vir sy Ewige bestemming. Want as jy dit gaan vertrou op jou werk, wanneer jou werk klaar is, is dit gedaan. Wanneer jou familie weggeneem is, is dit verby.

32 Maar daar is net een ding wat ek dink die finale ankerpaal is. En ek glo dat Paulus 'n ankerpaal gehad het in sy lewe hier. En ek wil graag in—inloer, as ons dit so kan noem, en praat oor daardie ankerpaal. Hy het gesê: "Vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins." Nou, Christus was Paulus se Absoluut. Dit was sy ankerpaal. Dit was syne. Dit was die einde van alle argumente. Dit was Christus, was sy ankerpaal.

33 Paulus het nie altyd daardie ankerpaal gehad nie. Hy was altyd verbonde gewees aan die groep Fariseërs. En hy moes opgelei en opgevoed word sodat hulle hom sou aanvaar en hom toelaat om hom aan hulle paal te anker. Maar eendag was hy op die pad daar na Damaskus, en het hy Jesus van aangesig tot aangesig ontmoet. En daarvandaan het hy losgesny van die Farisése ankerpaal; en hom weer her-anker, daardie Jesus Wat hy geweet het gekruisig was, gesterf het, en weer opgestaan het. Paulus het dit geweet, want hy het die Persoon ontmoet. Dit het hom net daar verander. Hy was nooit weer dieselfde van toe af nie. Hy het nooit net 'n boek ontmoet nie. Hy het nooit net 'n—'n geloofsbelydenis ontmoet nie. Hy het die Persoon, Jesus Christus, ontmoet. "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus."

34 Laat ons aan daardie bekering dink, vir 'n paar oomblikke. Ek glo Paulus was 'n opregte man. Siende dat hierdie 'n Sondagskool is, wil ons dit onderrig soos 'n Sondagskool. Paulus, glo ek, was 'n diep, opregte man, en daar was—daar was niks aan hom wat enigsins anders as enigiemand anders was nie.

35 Al daardie profete was mense soos ons is. Die Bybel het so gesê. Jakobus 5: "Elía was 'n mens; onder hewig aan dieselfde hartstogte, net soos ons," hy het sy hoogtepunte en laagtepunte gehad, sy in en sy uit," en hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie."

36 En Paulus was dieselfde soort mens as wat ons is. Hy het sy bedenkinge gehad, sy twyfel. En hy was 'n eerlike man. Hy sou gaan na een van die beste godsdienssektes wat daar in die wêreld was. En hy sou 'n leermeester word van daardie sekte; het geleer onder 'n groot leermeester, Gamaliël, wat een van die allergrootste leermeesters was wat hulle in die dag gehad het. Sy ouers het dit voorsien, het gesien dat daar iets in Paulus se lewe was, en het hard gewerk om hom weg te stuur skool toe, dat hy onderrig kon word in al die wette van God. En, met 'n diepe opregtheid, het hy elke woord daarvan geglo.

37 En hy het gehoor van hierdie soort van laer klas mense, en hoe daar 'n profeet was, sogenaamd, deur Sy groep, wat opgestaan het in Galiléa, wat veronderstel was om wonderwerke te verrig en die siekes te genees. Maar sy—sy sekte waartoe hy behoort het, wou nie hierdie Man aanvaar as synde 'n profeet nie, hierdie Jesus van Násaret, omdat Hy Hom nie met hulle geïdentifiseer het nie. So Paulus kon nie gaan nie, want sy eie sekte mense het Dit nie geglo nie. En hulle het hom daarteen gewaarsku.

38 En Paulus, synde eerlik, het gedink: "As hierdie ding nie van God is nie, en my kerk sê dis nie van God nie, dan is daar net een ding om te doen, is raak ontslae daarvan." Het gesê: "Kry dit uit die pad uit, want dis 'n. . . dit sal 'n struikelblok wees, dit sal 'n gewas wees, 'n kwaadaardigheid," teen sy sekte se geloof. Toe het hy hom in sy hart voorgeneem dat hy sou gaan en hierdie "kwaadaardigheid," soos hy dit genoem het, of sy kerk dit genoem het, wegsny van sy goeie Farisése groep af.

39 Eendag, met briewe in sy sak, van die hoëpriester, om al daardie mense wat in daardie toestand was, te arresteer, want dit sou die opdrag gewees het wat Paulus gegee was. Hy was op sy pad na 'n stad genaamd Damaskus. Hulle was stilgemaak by Jerusalem rond. Toe het hy—het hy Stéfanus laat stenig, en Paulus het hom laat stenig, het getuig en het die kleed vasgehou. Nou sou hy hierheen gaan en dieselfde ding doen, en ontslae raak van hierdie groot struikelblok.

40 Maar omtrent, dit moes omtrent middaguur, elf-, twaalfuur rond gewees het, is hy neergefel. En toe hy is, het hy opgekyk en daar het 'n Lig voor hom gestaan. En 'n Stem kom uit hierdie Lig, sê: "Saul, Saul," 'n vraag: "waarom vervolg jy My?" Nou Paulus het geweet, of Saulus, liewer, het geweet dat sy mense daardie selfde Lig gevolg het vandat hulle opgekom het uit Egipte. En as. . .

41 Het julle al ooit die Lamsa-vertaling van die Bybel gesien, die ou. . . Die—die ou Hebreeuse teken van—van God is 'n driehoekige Lig; min of meer, iets soos *dit*, waar die drie eienskappe van God, in een Godheid. En hierdie driehoekige Lig, die drie-in-Een, synde een God, was 'n—'n teken vir die Hebreër, van God, Lig.

42 En dan, toe Moses Hom in die bos ontmoet het, toe het Hy gesê: "EK IS," wat dieselfde bly, drie: gister, vandag, en vir altyd, steeds dieselfde God. En Moses het Hom in die brandende bos ontmoet. Hy was 'n Lig. En toe Hy die kinders van Israel uit die wildernis uitgelei het, was Hy die Engel van die verbond, wat Moses deur geloof gesien het, en Egipte versaak het, die smaad van Christus groter rykdom geag het as dié van Egipte. Deur geloof, het Moses gesien dat dit Christus, die Salwing, was. En die Salwing was op geen sekere man nie, maar Dit was in 'n vorm van 'n Vuurkolom. Sien?

43 En toe het daardie selfde Salwing neergedaal by Sy doop, en in Christus ingegaan en gewoon in Hom. Johannes het geweet dit was Hy. Hy het gesê: "Op Wie jy die Gees sal sien wat hulle uit Egipte in die wildernis ingelei het, en uit die wildernis in die beloofde land in, op Wie jy hierdie driehoekige vorm van God sal sien neerkom en op vertoef, Hy is die Een wat sal doop met die Heilige Gees en Vuur."

44 Nou Paulus was nog nie bevoorreg om dit te sien nie. Maar net om dit waar te maak, vir julle, die Jode was so verbode om voor 'n afgod te buig, of enigiets so-iets! Nou toe hy hierdie groot Lig gesien het, het hy geweet dat dit die Here was. *Heer* beteken "eienaarskap, beheer oor." Hy—hy sou nie maar net enigiets "Here" noem nie, daardie stoere Hebreër, toe hy geweet het dat Dit Gees was. Maar let op, hy het geweet dat daardie selfde Vuurkolom die Een was wat sy mense gelei het. En toe kom hy terug en het gesê: "Here, Wie is U? Wie is U? Ek wil weet Wie U is? U het Moses ontmoet in die naam van 'EK IS.'" Ek sal daar stop met hulle gedagte, net 'n minuut.

45 Jesus, toe Hy hier op aarde was, gesalf met Dit wat hulle gesien het, let op, het Hy gesê: "Ek kom van God," die Gees, die Lig, die Vuurkolom, "en Ek keer terug na God." En Hy is vlees gemaak ten einde vir ons sondes te sterf. Dan na Sy dood, begrafnis, opstanding en hemelvaart, nadat Hy opgevaar het; op die veertig dae, Hy opgevaar het; en op die vyftigste dag, het Hy teruggekeer in die vorm van 'n Vuurkolom, tussen die mense, en het Homself verdeel, soos vuurtonge, en gaan sit op elkeen van hulle. En toe is hulle almal vervul met die Heilige Gees, en begin spreek in ander tale, soos die Gees hulle gelei het om uit te spreek.

46 Sien, God verdeel Homself; God eers in 'n groot Vuurkolom; God gemanifesteer in 'n menslike liggaam; nou verdeel God Homself tussen Sy mense. Die Vuurkolom breek op, en sit op elkeen van hulle, soos gevurkte lekkende vlamme, gesplete tonge sit op hulle, gevurkte vure, gesplete vuurtonge sit op elkeen van hulle. En hulle is almal vervul Daarmee, en begin spreek in tale, soos die Gees hulle gelei het om uit te spreek.

47 Nou, sien julle, ons is nie 'n verdeelde volk nie, ons moet in eenheid wees, want elkeen van ons hou 'n deel van God. En ons moet saamkom, en dan word die Vuurkolom gemanifesteer in die geheel, in die volheid Daarvan; wanneer Sy Kerk saam sit in Hemelse plekke, dan is die volheid van die krag van God in Sy Kerk. Elkeen van ons hou geestelike gawes en geestelike ampte, kom saam, bring daardie Vuurkolom weer terug.

48 En Paulus het dit herken as synde van die Here, en hy het gesê: "Here, Wie is U, as ek U vervolg?"

49 Hy het gesê: "Ek is Jesus, en dis hard vir jou om teen die prikkels te skop."

50 En Paulus is aangesê om op te staan en te gaan daar na die straat genaamd "Reguit." En daar was 'n profeet daar wat aangekom het, met die naam Ananias, en het 'n visioen gesien en hom gedoop. En hy het daar na Arabië ingegaan, vir drie jaar, om die Skrifte te bestudeer, om te sien waaroor hierdie Vuurkolom was wat aan hom verskyn het.

51 Nou ons vind dat Paulus, die res van sy lewe, dit as 'n ankerpaal gehad het. Hy het God ontmoet, van aangesig tot aangesig, en is deur God opdrag gegee. Watter ankerpaal! Watter Absoluut! Dit was die einde van alle argumente. Dit was die einde van alles vir Paulus. Alle stryd, alles was weg. Ek gee nie om wat die Fariseërs gesê het nie, die Sadduseërs gesê het, of enigiemand anders nie; hy het God ontmoet, bevestig deur die Woord, dit het dit afgehandel! Dit was die res van sy lewe. Omdat hy God gemanifesteer gesien het, en vir hom bewys is dat Dit God was, deur die Woord, en deur die gedaante en vorm waarin Hy was, en deur 'n hoorbare Stem wat tot hom gespreek het presies wat dit was. Nou, dit was 'n groot ding. Geen wonder hy kon sê, voor die—die Agrippa nie: "Ek was nie ongehoorsaam aan die Hemelse visioen nie." Hy was verbonde daaraan. Daar was iets werkliks, iets wat hy geweet het, iets wat niemand van hom kon wegneem nie.

52 Nou, vandag, as ons vertrou slegs op 'n geleerdheid, of 'n—'n meganiese manier van—van geleerdheid om die Bybel te verduidelik, dan het ons dit slegs van 'n—'n verstandelike konsep. Maar geen mens het die reg op hierdie preekstoel, om die Evangelie te verkondig, tensy hy van aangesig tot aangesig Daarmee gekom het nie.

53 Soos Moses, aan die agterkant van die woestyn, maak nie saak hoe goed geleerd hy was, wat ook al plaasgevind het nie; sy vrese en vertwyfelinge het gewyk omdat hy op heilige grond gestaan het saam met God, wat niemand dit van hom kon wegneem nie.

54 En elke man of vrou wat 'n ondervinding met God het, het hierdie selfde Vuurkolom ontmoet op die heilige gronde van jou hart. "Daar is geen teoloog, geen duiwel, geen niks," het Paulus gesê: "niks teenswoordig, niks toekomend, dood, siekte, smart, kan ons skei van daardie liefde van God, wat daar in Christus Jesus is nie." Dis 'n ankerpaal. Jy weet iets het gebeur. Maak nie saak hoeveel die wetenskap opstaan en *dit*, *dat*, of die *ander* sê nie, jy is vasgebind. Jy en God het een geword. Hy is in jou, en jy is in Hom. "Op daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Jy is verbonde aan Hom.

55 En Paulus het 'n—'n Christus-gesentreerde lewe gehad. Dit was 'n ander lewe as wat hy eers gehad het. Hy het eers 'n geleerde idee gehad; maar nou het hy 'n Christus-gesentreerde

lewe, 'n absoluut. Maak nie saak hoeveel Agrippa kon sê: "Jy, jy't mal geword, Paulus. Jy is van jou verstand af. Jy, jy het te veel gestudeer," nie.

Hy het gesê: "Ek is nie mal nie."

56 En toe het hy Agrippa aangevat, op so 'n manier dat hy gesê het: "U oortuig my byna om 'n Christen te word."

57 Hy het gesê: "Ek wens u was, behalwe net. . . soos ek is, buiten vir hierdie boeie."

58 Dit laat jou dinge doen, wanneer jy 'n Christus-gesentreerde lewe het soos Paulus gehad het, wat jy normaalweg nie sou doen nie. Nou kyk. Normaalweg, daardie man opgelei in alles van die—die Skrifte en dinge, normaalweg sou hy daardie rigting gevolg het waarin hy opgelei was. Maar toe hy word. . . in Christus sy absoluut gemaak het, sy uiterste, toe was daar 'n ander lewe. Hy het anders opgetree. Hy het dinge gedoen, mal vir wat hy eens opgelei was om te doen. En dit sal dieselfde ding doen.

59 As die kerk sou wegkom van daardie Raad van Kerke, en terugkom en God se Woord hulle uiterste maak, God se Woord hulle ankerpaal maak, sal dit dit doen. Maar hulle maak vas aan 'n mensgemaakte prestasie. En dit is gedoem om te faal. Wel, die Bybel het gesê hulle sal dit doen. Maar daar gaan 'n Bruid wees wat uitverkies is sedert die grondlegging van die wêreld, wat aan daardie ankerpaal gebind sal wees.

60 Ek kan Ewigheid sien deurbreek, aankom deur die tyd, sedert Eden. En toe Dit het, kom daar 'n lyn van Bloed, die hele pad tot op Gólgota; en vanaf Gólgota, verbind met hierdie lyn, en gaan voort na die ankerpaal, Jesus. En eendag, wanneer Hy Sy eie kom opeis, sal almal wat gebind is aan daardie uiterste, opgewek word in die Ewigheid. Waarom? Hulle was die heeltyd in die Ewigheid. Hulle was voorbestem vir Ewigheid. Hulle is deel van God. Hulle was in Sy denke aan die begin. En wanneer daardie groot tou getrek word, van die lyn van Bloed, daardie Teken waarvan ek gepraat het, wanneer dit opkom uit die aarde, sal almal wat in daardie Bloed ingesluit was, weer reg in die Ewigheid laat val word. Maar die enigste manier wat dit sal wees, sal vasgebind wees aan daardie absoluut, Jesus Christus. Dis absoluut! Nie 'n prestasie van die mens nie; maar God het Hom opgewek uit die dood, en Hy is 'n absoluut. En ons weet Hy's lewend, want hier is Hy met ons in die Krag van Sy opstanding, doen dieselfde ding wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was.

61 Ek's gebonde aan daardie Uiterste. Dis die einde van alle stryd. Ek's gebind daaraan. Dis my lewe. Ek was 'n sondaar toe Christus my gered het. Ek het Iets ontmoet. En vandat Dit in my ingekom het, was dit—was dit anders. En ek's gebind daaraan, alles wat ek is, is net daar vasgebind. En dan verdeel God Sy lewe, en laat my in Hom leef, en Hy in my, dan is ons verbind. Ek . . .

62 Dit maak nie enige verskil wat ander wil glo nie. Vir die indiwidu, jy is Daaraan verbind. [Broer Branham tik op sy Bybel—Red.] Dis jou uiterste. Dis die . . . dis die laaste woord. En dan as Hy die Woord is, dan moet *Dit* die laaste woord wees. Dit moet dit afhandel. Wat Dit ook al sê, *Dis* daardie skarlaken draad. Dit is Christus. En enigiets teenstrydig Daarmee, ek weet niks daarvan nie. Dis wat ons wil weet, is wat hierdie Woord sê; want ek is gebind aan Christus, en Christus is die Woord. Het julle dit nou? [Gemeente sê: "Amen."]

63 En die gedeelte van Sy Woord wat bestem is vir hierdie dag, Sy Heilige Gees is hier om daardie gedeelte van die Woord te manifesteer.

64 Net soos dit was destyds daar met Sy geboorte. Jesaja 9:6. Oral deur die Skrifte. Alles wat van Hom gespreek was, dit is vervul. Daar in die Boek van Lukas, ons sê dis . . . sien ons dit so. En Hy was die einde; Hy was die—Hy was die einde van die profesie, ook, oor Hom. Hy het dit vervul, die geskiedenis, die liedere, alles in die Ou Testament, wat van Hom gespreek het, is net daar vervul. Dit het die uiterste geword. Dit het die ankerpaal geword van die Woord van God vir daardie tydperk.

65 En die ware wedergebore mense van hierdie tydperk, wat vervul is met die Heilige Gees, is die ankerpaal van hierdie Skrif wat vervul moet word in hierdie laaste dae. Hulle is die uiterste. Dis God se uiterste, omdat dit Sy Woord is; en die Woord is Christus, die ankerpaal. Daar is geen manier om daarvan weg te kom nie. Iets wat jou vashou.

66 Soos ek gesê het, dit laat jou dinge doen wat jy normaalweg nie sou doen nie. Dit het Paulus dinge laat doen wat hy normaalweg nie sou doen nie. Dit het Moses dinge laat doen wat hy normaalweg nie sou doen nie. Dit laat elke man en vrou dinge doen wat hulle normaalweg nie sou doen nie. Dis iets waarop jy gesentreer is—is. Dis iets, Dis jou stabiliseerder. Dis soos die . . .

67 Dis die anker van die skip. Die skip is vasgemaak aan die anker, in die tyd van 'n storm. En as Christus jou absoluut is, is jy vasgemaak aan Hom. In die tyd van probleme, die skip, as jy dit laat dobber, sal dit breek teen die—die—die—die rotse. Maar wat hulle doen, hulle laat die anker sak. Die anker sleep totdat dit vashaak in die rotsfondasie. En die skip is vasgemaak aan die anker. Dis die absoluut vir die skip.

68 En 'n wedergebore Christen is vasgemaak aan Christus, en die Bybel is die anker. Dis die ding waaraan ons verbind is. Laat die organisasie, laat die verskillende dinge, laat die wetenskap, laat die opvoeders enigiets sê wat hulle wil. Solank as daardie Woord dit sê en dit belowe, is ons Daaraan gebind. Daar is iets wat ons nie laat wegbeweeg daarvan af nie. Dis reg. 'n Ware gebore Christen, hulle bly by daardie Woord. As Dit sê om 'n sekere ding te doen, en 'n manier om dit te doen, is dit die

manier waarop ons dit moet doen. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie. Dis wat God gesê het. Ons is gebonde Daaraan, 'n Christus-gesentreerde lewe.

Christus weer, dis soos die Noorderster.

69 Weet julle, die wêreld draai om. En die sterre, werklik, die een wat jy sien as die aandster, is ook die môrester. Die wêreld draai slegs om daarnatoe. Maar dit skuif weg van daardie sterre, almal behalwe die noorderster. Nou jy kan nie jou kompas stel op die aandster en êrens kom nie, want die volgende oggend, wat? Jy's in die aandster in die weste, en die volgende oggend is jy in die ooste. Sien, jy kan dit nie doen nie. Maar jy kan dit op die noorderster instel, amen, en haar doodsekuur hou. Jy sal uitkom.

70 En dis wat 'n Christus-gesentreerde lewe is. Wanneer jy verlore is, is Hy jou Noorderster. Dan, as Hy die Noorderster is, is die Heilige Gees jou kompas, en die kompas sal net na die Noorderster wys. Dit sal nie wys na 'n geloofsbelydenis of 'n denominasie nie. Dit sal nie wys na 'n sensasie, of wat dit ook al is nie. Dit sal steeds op die Noorderster hou. Hy is jou Noorderster. Wanneer jy verlore is, mag jy skuif met denominasies, en dinge soos dit. Maar die kompas, die Heilige Gees, sal jou rig reg direk op die Woord, wat Christus is, en jou gerig hou. Bind Daaraan.

71 Wat as daar geen noorderster was nie, hoe sou 'n mens ooit sy weg vind op 'n mistige see? Wat as daar geen Heilige Gees was om jou te rig op die Woord van God, Dit te manifesteer en dit te bewys nie, wat sou ons in hierdie uur gedoen het? Die Heilige Gees wys slegs na die Woord. "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord." Nie deel van die Woord nie; maar elke Woord, alles Daarvan. Elke Woord wat uitgaan uit die mond van God, dis waarvan 'n mens lewe. Hy's jou absoluut in jou lewe, Hy's ook jou Noorderster.

72 Weet julle, ons moet een of ander ding hê, om die einde van die stryd af te handel.

73 Weet julle, daar was 'n tyd toe tafelmaniere berus het op wat 'n vrou gesê het. Ek meen haar naam was Emily Post. Ek mag dit verkeerd hê. Ek dink dis reg, Emily Post. Ek gee nie om of Emily Post gesê het: "Tel jou mes op en eet die—die boontjies daarmee," dit was manierlik nie. Waarom? Sy was die absoluut oor tafelmaniere. Dis reg. As sy gesê het; "Eet hulle met jou hande," eet jy hulle met jou hande. Waarom? Hierdie nasie het haar die absoluut gemaak, oor tafelmaniere. Ja, meneer.

74 Daar was 'n tyd toe Duitsland 'n—'n absoluut gehad het, en dit was Hitler. Dit was 'n absoluut. Ek gee nie om wat enigiemand anders gesê het nie, wanneer Hitler gesê het: "doen dit," doen jy dit. Jy beter. Hy's die laaste woord. Hitler was.

75 Daar was 'n tyd toe Rome 'n absoluut gehad het, en dit was Mussolini, die diktator. Kom 'n man aangery een minuut vroeg vir hom, het hy hom geskiet in sy kar en hom uitgepluk, gesê:

"Ek het nooit gesê 'n minuut vroeg nie, ek het gesê wees betyds hier." 'n Absoluut! Wat hy ook al gesê het, moes hulle doen. Dit moes draai. Hy het gesê hy wou die hele wêreld laat draai na sy woord. Dit draai na die Woord van God!

76 Daar was 'n tyd toe Egipte 'n absoluut gehad het. Dit was Farao. Ek het daar na Egipte toe gegaan eenkeer, net om daardie plekke te sien. En jy moet twintig voet diep grawe om die trone te vind waarop hulle gesit het, die keiser van Rome; toe ek in Rome was en daar in Egipte.

77 Sien, dit het alles teruggekeer na geskiedkundige stof, want dit was die verkeerde soort absoluut. Dis reg. Dis verkeerd. Dit het gefaal. Dit was mensgemaakte absolute. En elke mensgemaakte absoluuut en elke mensgemaakte prestasie moet tot stof gaan. Hulle moet tot stof gaan. Dis die verkeerde soort, so dit faal.

78 Dink net aan ons nasie. Wanneer ons in moeilikheid beland, as iemand iets doen, en hulle verhoor dit miskien in 'n—'n laer hof van die stad, een of ander polisiehof, dan gaan dit aan, aan, en uiteindelik kom dit na die Hooggeregshof. Nou die Hooggeregshof is die nasie se absoluut. Dit besleg dit. Nou, in Kanada, ons vriende van Kanada kan gaan, van Kanada, na die Koningin. Maar in die Verenigde State, is dit die Hooggeregshof. Dis die absoluut. Somtyds hou ons nie van hulle beslissings nie, maar ons moet in elk geval daarna luister. Ja, meneer. Ons stem nie daarmee saam nie, ons hou soms nie van die beslissing nie, maar dis die absoluut vir hierdie nasie. Die nasie is verbind daartoe. Dis die einde van alle argumente. Wanneer daardie Hooggeregshof sê: "Jy's skuldig," is jy skuldig. Ons moet dit hê; het ons dit nie, het ons nie 'n nasie nie. Wat as ons nie iets soos dit gehad het nie? Sekerlik. Daar is 'n absoluut vir alles.

79 Daar is 'n absoluut in 'n bofbalwedstryd. Dis die skeidsregter. Reg. En as hy sê: "Dis 'n hou," is dit wat dit is. Maak nie saak wat jy sê, wat ek dink, hoe ek dit gesien het, hoe jy dit gesien het nie. Dis wat hy gesê het. Dis 'n absoluut. As hy sê: "Hou," moet jy daarmee saamstem, want dis hoe dit opgeskryf gaan word: "hou." Wat as daar geen skeidsregter was nie, wie sou nou reg wees? Een het gesê: "dit was 'n hou," die ander een het gesê: "dit was nie 'n hou nie, dit was 'n bal, dit was 'n . . ." Wel, jy sou chaos hê. Jy sou nie weet wat om te doen nie.

80 Daar moet êrens wees waar iemand se woord finaal is. Amen. Ek voel nou regtig goed. Glorie! Halleluja! Daar moet iets wees wat finaal is. Ek is so bly daaroor. O, nou is daar iemand wat kan sê: "Dis sonde," of: "Dis nie sonde nie." Ek is so bly daaroor. Ek's bly oor 'n absoluut. Geen argumenteerdery nie, nie nodig om te argumenteer nie. Die skeidsregter het gesê: "hou," dis wat dit is; teken dit op in jou gemoed: "dis 'n hou," en gaan voort. Wanneer God enigiets sê, is dit hoe dit is! Nie nodig om daaroor

te argumenteer nie. Dis wat dit is. Hy het so gesê. Dis die Christen se absoluut, dit is as hy 'n Christen is. God het gesê: "Doen dit *hierdie* manier," dis die manier hoe dit gedoen moet word. Geen argumenteerdery nie: "Wel," sê, "dit was nie." Niks daarvan nie. God het so gesê, dit besleg dit! Dis die absoluut vir die ware gelowige. Ja.

81 Wat as daar nie so-iets was nie, waar sou ons wees? Sou die Metodis reg wees, Baptis, Presbiteriaan, Lutheraan, of wat sou reg wees? Sien, ons sou hê, dis die rede dat julle—jy sou chaos hê. En dis die rede. Hulle het losgeraak van daardie absoluut, dis waarom hulle verdwaal met hierdie ander sterre.

82 Maar daar is 'n absoluut. Daar sal 'n absoluut moet wees. Daar moet 'n absoluut wees. En daar is 'n absoluut. Dis die Woord. En wat ander sê, dit maak nie saak nie. Ja, meneer.

83 Nou, as ons nie 'n skeidsregter in 'n bofbalwedstryd gehad het nie, sou almal mekaar se hare getrek het, en gestry en baklei het. Sien? Dis waarom ons 'n absoluut in die Christendom nodig het, stop hierdie hare-trekkery, en styery en bakleiery. Sien? Die Woord het dit gesê, en dit besleg dit. Moenie daaraan toevoeg of wegneem daarvan nie. Laat dit net soos dit is.

84 Weet julle, daar is 'n absoluut vir die verkeer, dis die stoplig, die verkeerslig. Wat as dit een oggend nie werk nie? O, goeiste! Het julle ooit in een van hulle beland? Ek het. Sonder twyfel, het enige bestuurder al. Wat as die verkeerslig nie werk nie? Dan twis almal. Hulle ry daar, en een sê: "Ek was eerste hier," die ander een sê: "Laat ek vir jou iets sê, ek moet by die werk kom!" O, goeiste! Daardie vroue swaai sakboekies, en mans slaan vuis, en jy praat van 'n chaos! Daar moet 'n absoluut wees, iets wat sê: "hierdie is reg," en dit is dit. Wanneer daardie lig gesê het: "stop," beteken dit stop. Wanneer dit sê: "gaan," beteken dit gaan. As dit nie is nie, is jy in die moeilikheid.

85 En dis hoe dit is in Christelike lewe is. Daar is 'n stopplek, en daar is 'n gaanplek. God se Woord is daardie absoluut. Dis Christus. Ja, meneer. As jy . . .

86 As die verkeerslig nie aan is nie, dan het ons 'n verkeersknoop. En ek dink dis wat ons vandag daarbo in die godsdienstige pentagon het; 'n verkeersknoop, van skyngelowiges, ongelowiges, en alles saamgeprop. Jy het net 'n verkeersknoop. Waarom? Hulle het geen absoluut nie. Een sê: "Wel, ons is . . . Ons is die absoluut." Die ander een sê: "ons is die absoluut."

87 God is die Absoluut. Hy het gesê: "Laat elke absoluut, behalwe Myne, 'n leuen wees. Myne is die Waarheid!" So, daar is die absoluut vir die Christendom. Dis die einde van alle argumente. Die Bybel het so gesê, dit maak Dit reg. Ja, meneer. Daar moet 'n absoluut in alles wees.

88 Sommige net soos die kerke vandag, die meeste kerke het hulle eie absoluut. Elkeen het sy eie, ietwat soos in die dae van die rigters, elke man het gemaak soos hy gedink het reg was. Maar dis nie reg nie. Sien, dis toe God se Woord en profete nie bestaan het nie. Die Woord is die absoluut. Hulle het hulle eie absoluut gehad. Elkeen sê hulle is die Waarheid en die weg: "Ons is die Waarheid en die weg."

89 Maar Jesus het gesê Hy was die Waarheid en die weg: "die Waarheid, Weg, en Lig." Is dit reg? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Wel, dan, is Hy die Woord, so daar is die absoluut. En die denominasionele absolute, niks daaraan nie; dis verkeerd, laat dit vaar.

90 Nou, die mens doen reg in sy eie oë, maar God het vir hom 'n manier om dit te doen. Sien, toe God en Sy Woord en Sy profete nie daar was nie, het elke mens gemaak net soos hy wou.

91 En dis wat in hierdie dag was, elkeen sê: "Ek—ek behoort *hieraan*." Is jy 'n Christen? "Ek's 'n Presbiteriaan." Is jy 'n Christen? Ek vra jou. Een meisie het gesê: "Jy moet verstaan, ek brand elke aand 'n kers." 'n Ander man het gesê, in die gebedsry, het ek hom gevra of hy 'n Christen was, het gesê: "Ek's 'n Amerikaner. Hoe durf jy!" Asof dit iets Daarmee te doen het? Sien, hulle is verbind aan 'n nasie. Die ander een is verbind aan 'n organisasie, dogmas.

92 Maar 'n *Christen* beteken "soos Christus." En die enigste manier waarop jy soos Christus kan wees, is vir Christus die Woord, om in jou te wees. Dis die uiterste. Ja. Ek het dit gesien voor ek bekeer is, en ek's bly God het my in die hande gekry voor die kerk het. So ek het geweet toe ek . . .

93 'n Goeie Baptiste prediker, Broer Naylor, hy's vandag in die Heerlikheid, hy kom daar, hy het met my gepraat. En, o, daar's baie mense wat met my gepraat het toe ek—ek God probeer vind het. Die Sewende Dag Adventiste prediker wou hê ek moet by hulle aansluit, ensovoorts. Maar ek het gesien dat as ek 'n Christen gaan wees, kon ek—ek nie sê: "Nou, ek is 'n Sewende Dag Adventis" nie. Nou, dis in orde. "Ek's 'n Baptis." Dis in orde, sien, maar ek moes iets 'n bietjie sekerder as dit hê. Ek—ek kon nie vertrou nie, omdat iedereen gehuiwer het.

94 Ek het gedink: "Daar is iemand êrens, jy moet iets hê wat waar is, êrens."

95 So ek het 'n absoluut nodig gehad, toe neem ek een, God se Woord. So ek het gelees in die Woord dat Hy die Woord is, Johannes 1. "En op hierdie absoluut, sal Ek My Kerk bou." Dis reg, so ek het Hom op Sy Woord geneem. Openbaringe 22:19 het gesê: "Wie ook al een Woord wegneem Hieruit, of een woord toevoeg Daaraan." Dis die absoluut. Dis die einde van alle stryd. *Dit* is die absoluut. "Wie ook al iets Daaruit wegneem, of iets Daaraan toevoeg," het God gesê: "Ek sal net sy deel uithaal uit

die Boek van die Lewe," so Dit moes die absoluut wees. En Jesus het gesê dat: "Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord." Toe het ek geweet hierdie "elke Woord" moet dit wees. Het gesê: "Voorskrif op Voorskrif, en reël op reël." Dis hoe Dit moet kom, net soos Dit geskryf is.

96 Dan het Hy gesê: "As julle in My bly," Hy is die Woord: "My Woorde in julle bly, kan julle vra wat julle wil." Ek het toe geweet of Christendom die Woord van God is. En Hy was die Woord; en deur die Woord te aanvaar, het die Woord deur Hom gelewe, toe weet ek: "As julle in My bly, en My Woord in julle, kan julle vra wat julle wil." En as jy in die Woord is, en deel van die Woord, sal jy vra wat die Woord jou sê om te vra. Ken dan die dag waarin jy lewe, en vra daarvolgens.

97 So gevolglik, terug by die onderwerp, maak. . . Sê dit nou persoonlik, maar ek's verbonde. Ek is verbonde aan Jesus Christus, aan Hom, deur Sy Woord. Hy is my absoluut.

98 Ek het gevind al hierdie denominasies en dinge het hulle absoluut. Elkeen, elkeen, hulle het hulle eie absoluut.

99 Die Katoliek, wanneer daardie pous iets sê, dis dit. Dis die absoluut van die Katolieke kerk. Ek gee nie om wat die priester sê, wat die biskop sê, wat die kardinaal sê nie; wanneer die pous dit sê, dis dit. Dis die absoluut. Dis korrek.

100 In die Metodiste kerk en baie van die Protestantse denominasies, wat die biskop sê, dis die absoluuut. Dis al. Wat die geloofsbelydenis sê, dis die absoluut.

101 In die Pinksterbeweging, is dit wat die algemene opsigter sê, of jy hierdie persoon vir 'n herlewing kan hê, of nie. Dis die absoluut. Verskil jy van sy woorde, word jy uit die organisasie geskop. Sien, die Woord word glad nie in aanmerking geneem nie. Sien? Jy kry hierdie absolute, elkeen wat sy eie absoluut het.

102 Maar, julle weet, ek sê dit nie godslasterlik nie. Ek sê dit vir die waarheid. Ek voel soos wat Paulus het, toe hy gesê het, in Handelinge 20:24: "Nie een van hierdie dinge beweeg my nie." "Ek is vasbeslote om niks te weet tussen julle nie; behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." Ek's nie gepla met hierdie absolute nie, of dit nou die pous is, biskop, of 'n algemene opsigter, of 'n raadgewer, of 'n sisteem, of wat dit ook al is, nie een van hierdie dinge beweeg my nie. Ek gee nie om of hulle sê: "Wel, ons—ons sal nie ko-. . . " Dit maak nie die geringste verskil nie. Ek is vasbeslote om van niks te weet nie, behalwe Jesus Christus, Sy Woord gemanifesteer tussen ons. Ek's Daaraan verbonde. Dis my anker. Ek is Daarin geanker.

103 "Sedert ek. . . " het Paulus gesê: "Sedert ek Hom ontmoet het, op die pad, het ek omgedraai. Ek't. . . Hy het my tereggewys."

104 Goeiste, hoe het Hy mý nie tereggewys nie! Watter teregwysing moes Hy my nie gee nie. Maar sedert Hy my

tereggewys het, het ek Daaraan gebonde geraak. Ek het gesien die Woord was Waarheid, alles teenstrydig Daarmee was verkeerd.

105 Weet julle wat? Hy het 'n doel gehad met my redding. Hy het 'n doel gehad met jou redding. En ek is vasbeslote, deur Sy wil, om Sy wil te doen. Waarom Hy dit gedoen het, ek weet nie waarom Hy dit gedoen het nie.

106 "Moenie Daaraan toevoeg of Daarvan wegneem nie!" Soos ek gesê het, Openbaring 22:19 het gesê moet dit nie doen nie. As Hy ons absoluut is, kan dit nie anders wees nie. Daar is geen manier daarvoor om anders te wees nie. Hy moet die absoluut wees, die laaste Woord.

107 Weet julle, daar was miljoene in sonde toe ek gered is. Hy het 'n doel gehad met my redding. Ek's die snaakse kêrel tussen die broers, dikwels; glo in voorbestemming, saad van die slang, doop in die Naam van Jesus Christus, en al hierdie ander dinge wat skynbaar. . . en die visioene, en die krag van Christus wat teruggekeer het, en veroordeel organisasies en dinge. Ek's die snaakse kêrel, maar Hy het 'n rede gehad om my te red, 'n doel daarmee om dit te doen. Hy het my gered toe daar miljoene ander in sonde was, maar Hy het my gered om een of ander rede. Daar was geleerde manne, daar was slim manne, daar was teoloë, daar was biskoppe en doktore, ensovoorts, in die veld, toe Hy my gered het, maar Hy het my om een of ander rede gered.

108 En ek sien die Woord is die absoluut, en ek's gebonde Daaraan, en vasbeslote, ek sal niks weet nie, behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Hy het 'n rede daarvoor gehad, en ek's vasbeslote om daardie rede vas te hou. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, ek ontsê hulle nie gemeenskap nie, of diskredikteer hulle nie, maar ek weet waaraan ek verbonde is. Hy wou my so gehad het. Hy het my so gekry. Ek is so gemaak met 'n doel. Ek moes opgemaak word uit al hierdie kwaliteite, ensovoorts, en al hierdie waardelose, sodat Hy dit uit my kon uitgrawe; iets daarin geplaas, wat Sy Woord was. En ek's vasbeslote ek sal niks weet nie, behalwe Christus.

109 Christus se dood was 'n absoluut. Dit was 'n absoluut. Dit was die einde van alle vrees vir hulle wat bang was vir die dood. Sy dood is, dan, 'n absoluut.

110 Mense vrees die dood. Selfs Job het die dood gevrees. Maar toe hy die visioen gesien het! Hy het geweet alles was weg; sy familie, sy—sy kinders. Selfs sy vrou het teen hom gedraai, vanweë sy—sy stank van sy—van sy sere; hy het buite sy huis gesit, op 'n ashoop, sy—sy sere gekrap. En sy vrou het selfs gesê: "Waarom vloek jy nie God, en sterf die dood nie?"

Hy het gesê: "Jy praat soos 'n dwase vrou." Sien?

111 Toe, toe Elihu met hom gepraat het. Een van die dae wil ek daardie naam vir julle afbreek, Elihu, en julle wys dit was Christus.

112 Toe hy in hierdie toestand was, en alles teen hom gegaan het, toe het hy die visioen gesien van die Regverdige. Hy wou 'n Man vind Wat vir hom in die bres kon tree; Sy hande kon plaas op 'n sondige mens en 'n Heilige God, en in die gaping staan. En God het hom Dit laat sien, vierduisend jaar ver. Dit was sy absoluut. Hy het opgestaan en hom reggeskud. Halleluja!

113 Wanneer 'n mens bang is om te sterf, staan op en ruk jou reg, kyk in die Woord en sien wat die visioen van God is.

114 Hy het daardie visioen gesien, hy het gesê: "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op hierdie aarde staan. En ek maak my daaraan vas! Al vernietig die velwurms hierdie liggaam, nogtans sal ek in my vlees God aanskou; vir Wie ek self sal sien. Ek's gebind daaraan," het hy gesê. Hy het dit gesien. Dit was 'n belofte van God.

115 Hy het gekyk deur die natuurwette. Soos ek julle vertel het van die kontinuïteit van die natuurwet, die kontinuïteit van die Woord, die kontinuïteit van God se optrede, alles is kontinuïteit. Hy het gevra, in Job 14. Hy het gesê: "Daar is hoop vir 'n boom, as dit sterf; die blom, as dit sterf; ensovoorts. Maar," het gesê: "die mens lê hom neer, en gee die gees, hy sterf weg. Sy seuns kom om hom te eer, hy bemerk dit nie. O," het hy toe gesê: "as U my sal wegsteek in die graf, my sal verberg en my in 'n geheime plek sal hou, totdat U toorn verby is!" Hy was tot die dood toe bang.

116 Maar toe hy vooruitgesien het, synde 'n profeet, het hy die opstanding van Jesus Christus gesien, het hy uitgeroep: "My Verlosser lewe!" Let op, hy het Hom "Verlosser" genoem. Let op. "Ek weet my Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy op die aarde staan, al vernietig my velwurms hierdie liggaam, nogtans sal ek in my vlees God aanskou." God en die Verlosser was dieselfde ding, God en die mens een gemaak. "Ek sal God sien; vir Wie ek self sal sien, my oë sal aanskou, en geen ander nie." Amen.

117 Nie iemand anders nie, behalwe daardie Verlosser, God, dis Wie my oë aanskou. Hy's 'n absoluut. Hy's die absoluut. Hy neem alle vrese uit die dood. Hy neem alle vrese.

118 In Hebreërs, die 2de hoofstuk, die 14de en 15de vers, let op. Hy het die vorm van die mens aangeneem, om te sterf soos een, vir almal. Hy het die vorm van die mens aangeneem. Hierdie Verlosser het neergedaal en is mens gemaak, sodat Hy kon sterf, die een Mens, vir alle mense. O, hoe het Hy dit gedoen? Waarvoor het God 'n mens geword? Om die boete van die mens te betaal.

119 Maar, op Paasoggend, het Hy na vore gekom met die sleutels van die dood, hel, en die graf. Amen. God, Wat aan die kruis kon sterf, en die grafte kon Hom nie hou nie; niks, die hel kon

Hom nie hou nie. Niks kon Hom hou nie. Hy het opgestaan. Hy het die sleutels gehad. Hy het opgestaan, 'n Oorwinnaar, omdat Hy beide dood, hel, graf, oorwin het. Toe Hy op aarde was, het Hy siekte oorwin. Hy het alles oorwin. Hy het bygelowe oorwin. Hy het alles oorwin wat daar was om oorwin te word. En het uitgekom met dood, hel, en die graf, die sleutels wat klingel aan Sy sy; en het opgevaar Omhoog, en gawes aan die mens gegee, en het teruggekom op die Pinksterdag en hulle oorhandig aan Petrus, aan die Kerk. Amen. Hy is ons absoluut. Alle vrese van die dood . . . Omdat Hy leef, leef ons ook.

120 Romeine 8:1: "Daarom, synde geregverdig deur geloof, het ons vrede met God deur ons Here Jesus Christus." Ons vind uit, ek meen dis Romeine 5, vind ons uit. En—en Hy is ons regverdigmaking. God het Hom opgewek op die derde dag, om ons geloof te regverdig, dat ons dit glo. En Hy het Hom opgewek, om ons geloof te regverdig. Wat het Hy toe gedoen? Hy het Hom teruggestuur, die Regverdigmaker, omdat ons geloof dit glo. Die Heilige Gees, Christus, kom daarin, vir ons regverdigmaking, omdat ons opgestaan het uit dood tot Lewe. En nou is ons seuns en dogters van God, sit in Hemelse plekke in Christus Jesus, het ons geregverdig deur Sy opstanding.

121 Dit gee ons regverdigmaking, om te weet, met die—met die versekering van ons redding nou in ons, die einste Lewe van Christus wat in ons klop. En hoe dan sou ons die Woord kon verloën? Wat, Hy is die Woord wat ons die . . . hierdie versekering gee. Die Heilige Gees is daar. Wat is Dit? Dis steeds daardie Noorderster, die Christus is daardie Noorderster. En die Heilige Gees is daardie regverdigmaking wat die gelowige rig direk reguit op die Noorderster. Reg.

122 Die Heilige Gees sal altyd na die Woord wys. As dit wys na 'n geloofsbelydenis of denominasie, is dit nie die Heilige Gees nie. Hy sou dit nie kon doen nie, weg wys van Sy Woord nie, wanneer Hy gesterf het om daardie Woord te bevestig en daardie Woord 'n positiewe te maak. Amen. Hy het gesterf sodat Hy Self in daardie Woord kon kom. Hy is die lewendmakende Lewe wat daardie Woord weer laat lewe. Dit was Sy doel met sterwe, dat Hy Hom steeds kon projekteer deur Sy Kerk, en elke Woord, deur elke tydperk kon laat optree op presies die manier wat Dit veronderstel is om op te tree.

123 Hy is die dinamika van die meganika. Die meganika van die Kerk, wat is dit? Apostels, profete, leraars, ensovoorts. En Hy is die dinamika wat dit laat werk. En dit werk deur 'n sekere dinamika wat genoem word soos . . . Hy, Hy is die Vuur wat die gas laat ontbrand. Hy is die Vuur wat in die ontbrandingskamer is, dat wanneer die—die gas, die—die Woord, gegiet word oor daardie ontbrandingskamer, is Hy die Een wat haar laat ontbrand. Hy is die Een wat dit bevestig. Hy is die krag van die opstanding. Hy is God. Hy, Hy is die Vuur, dis wat Hy is.

124 "Onteenseglik," het I Timóthëüs 3:16 gesê: "die verborgenheid van die godsaligheid is groot; want God is gemanifesteer in die vlees, is gesien deur engele, is opgeneem in heerlikheid." Hy was God, het gekom om die sondaars se plek in te neem. Ja, meneer. En toe Hy, God, Hom opgewek het die—op die derde dag, was vir ons regverdigmaking. Daarom, verheerlik aan die regterhand van die Majesteit Omhoog, is Hy 'n Middelaar, om in te tree vir ons . . . vir ons swakhede, waar ons dit teenoor Hom bely, en uitsterf aan onsself; plaas Sy Woord terug in ons, die belofte. En ons geloof laat daardie Woord lewe, omdat Christus in ons is, die lewendmaker van die Woord.

125 Hoe wens ek nie die kerk kon dit in sien nie, alle argumente en stryd sou oor wees! Dit sou die Hooggeregshof wees. Dis die Noorderster. Halleluja. Dis die einde van alle stryd. Dis die einde van alle vrae. Dis die einde van alles. "God het so gesê," dis die Absoluut. Verbind jou Daaraan. Paulus het gesê: "Daar is niks teenswoordig, niks toekomend, dood, siekte, naaktheid, gevaar, niks kan ons Daarvan skei nie." Ons het gebind aan 'n absoluut. Het gesê: "Vir my is—is die lewe Christus, en die sterwe wins." Niks anders bly behoue behalwe Dit daar nie. Dis die absoluut.

126 Hy is ons absoluut, want ons het die versekering van die opstanding, omdat Hy opgewek is in ons. Hoe weet ons? Hy leef. Hy doen hier presies wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Hy's dieselfde Vuurkolom, waarvan ons die foto hier het. Hy's dieselfde een in die Kerk. Hy's hier vandag, en in hierdie liggaam verrig en tree Hy op presies soos Hy toe het.

127 As die lewe van 'n waatlemoenrank in 'n pampoen gesit word, sal dit nooit nog 'n pampoen dra nie; dit kan nie, omdat dit 'n waatlemoen sal wees, want die lewe daarin is waatlemoen. "En as My . . . Julle in My bly en My woorde in julle, vra julle wat julle wil!" Julle sal waatlemoene hê. Amen. Die Absoluut, ek weet dis Waarheid. Ek het my siel daarin verbind, en ek weet dis die waarheid. God se Woord, Hy's ons Absoluut.

128 Twee Thessalonicense, die 2de hoofstuk, lees ons dit. "Ons sal weggeraap word saam met ons geliefdes, om Hom in die lug te ontmoet." O, hoe klop my hart nie met elke Woord in Sy Boek: "amen," nie. God het gesê: "Ons sal weggeraap word in die lug, om ons geliefdes te ontmoet." "Amen," het die Woord daar in my hart gesê, want die Woord is daarbinne.

129 "Ek het U Woord in my hart gebêre, Here, dat ek nie teen U sondig nie. Ek bind hulle aan my vingers, aan my bedstyl. U is altyd voor my. Ek sal nie wankel nie."

130 "Ja, al loop ek deur die dal van doodskaduwee. Ek sal geen onheil vrees nie, wat U is my Absoluut. Ek sal daardeur gaan, en U sal my uittrek. Ek gaan in die diep waters van my skip in, U sal . . . U is my anker. Amen. U is daar agter die sluier. U is die Een Wat my deur die storm sal stuur. U is die Een Wat Daar sal

wees, my anker in die Heerlikheid, wanneer ek kom daar na die skaduwees van die dal, die skaduwees van die dood." Wanneer ek daar by die Jordaan kom, wanneer ek moet oorsteek, is Hy my Absoluut. Ek's gebind aan die opgestane Een aan die ander kant, Hy sal my deur die gevaarlike waters trek. "Ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my." Amen. Laat die storms woed, lewe, dood, wat daar ook al is; niks sal skeiding bring nie. Ek's gebind aan daardie Paal.

131 Daardie Paal hou vas. Dit hou vas binne die sluier. Dit is geanker. Dit is geanker aan God oorkant. Dit is geanker aan my hart. Die Heilige Gees is wat my bewus maak van daardie belofte. "EK IS," nie "Ek sal wees, Ek was, Ek sal eendag wees" nie. "Ek is die Opstanding en die Lewe," sê God. "Hy wat in My glo, al was hy dood, tog sal hy lewe. En wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie."

132 Laat die dood doen wat dit ook al wil, dit sal my nooit pla nie. Want ek is oortuig, ek is oortuig dat selfs in siekte wat my sou vat, of in 'n koeël uit 'n geweer, mag my eendag vat. Ek weet nie wat dit sal wees nie. Watter verskil maak dit vir my? "Vir my is die lewe Christus, en die sterwe wins." O, goeiste! Want, ek's vasbeslote ek ken Hom wat oorkant anderkant die rivier van die dood sit, waar Hy my eendag sal optrek in Sy Teenwoordigheid. Geregverdig deur Sy geregtigheid, wat ek aanvaar het van Sy dood aan die kruis, God vlees geword tussen ons; steeds vlees in ons, steeds Gees in ons vlees. Amen.

133 Hy's my Absoluut. Hy's my alles. Enigiets buiten dit, in my arms bring ek niks. Ek ken niks anders behalwe Christus nie, en Hom as gekruisigde; wil niks anders hoor behalwe Christus nie, en Hom as gekruisigde. My hart sê "amen" op elkeen van Sy beloftes. Dis waarom ek weet Sy Heilige Gees is 'n kompas, Dit lei my na die Woord.

134 Nooit het een van daardie visioene my ooit iets gesê behalwe wat reg in die Woord was nie. O, dis waar ek my versekering gekry het, broer. Daardie nag toe Hy my daarvan gesê het, het ek daardie visioene dopgehou. En sal julle aandag vestig, het daardie visioen ooit iets gesê wat teenstrydig was met die Woord? Nooit 'n tyd dat dit verkeerd was nie. Waarom? Dis God. Dis my ankerpaal.

135 En ek weet, een oggend, in 'n visioen, het ek my geliefdes gesien anderkant die rivier oorkant. Dis daar. Ek's op pad na daardie beloofde Land. Ek moet eendag daar ontmoet. Ja, inderdaad.

136 Hy is my Absoluut. Hy is my Son. Hy is my Lewe. Hy is my ankerpaal, my Noorderster. Hy's alles wat ek ooit kon dink om te wees, Hy is dit vir my. Hy's my Lewe.

137 Denominasies, vir my. . . Maak nie julle gevoelens seer nie; ek wil dit nie doen nie. Maar die Woord is soos 'n tweesnydende

swaard, Dit kan nie druk sonder om te sny nie, sien, veral as dit in die donker sny. Let op, denominasies is soos ander sterre, hulle skuif met die draai van die wêreld. Dis reg. Hoe die wêreld ook al gaan, hulle laat hulle vroue hulle hare sny, kortbroeke dra, en wat nog, dit skuif sommer net Hollywood en alles anders. Maar, o, broer, *Dit* bly steeds die Waarheid, daardie onwrikbare Woord van die lewende God is steeds die Waarheid! Dis my Absoluut. Wat Dit sê is die Waarheid. Laat die denominasie skuif waarheen hulle ook al wil. Wil hulle die Naam van Jesus Christus diskrediteer, met 'n titel, hang dit van hulle af. Maar, vir my: "Is daar geen ander Naam onder die Hemel gegee onder die mense, waardeur jy gered moet word nie." Vir my, is dit die Grondwoord, dit is daar waar die hoeksteen is. Ek wil nie skuif met geen denominasie nie.

138 Ek het my kompas hier binne-in my, die Heilige Gees, rig my direk reg na die Absoluut. "Want beide hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit verbygaan nie." En ek het Dit in my hart gebêre, en die Heilige Gees rig my reg Daarnatoe. Ek's vasbeslote om niks anders te weet nie. Dis my Absoluut. Laat dit maar so wees. Dis hoe ek dit wil hê. O, goeiste! Nou, broer, suster, maak jou Absoluut in Hom. Ja, meneer.

139 In die tyd van probleme, wat ek gehad het hier nie lank gelede nie, het vrou, kinders, alles verloor. Iemand het vir my gesê: "Het jy jou godsdiens gehou?"

140 Ek het gesê: "Nee, Dit het my gehou." Sien? Sien, ek het 'n Absoluut gehad, om te weet dat ek hulle eendag weer sal sien. Amen. Ek sou dit nie kon gemaak het as ek nie daardie Absoluut gehad het nie. Dit het die verskil vir my gemaak, waar ek gebind was, want ek het geweet dat ek hulle weer sal sien.

141 Nou, deur genade, is ek verbind aan Hom Wat gesê het: "EK IS," nie "Ek was," nie. "EK IS" ewig, ewig-teenwoordig, al-, alwetend, al-, almagtig, oneindig, dat Hy nie "Ek was" is nie. "EK IS," Hy is steeds die opstanding. Hy is steeds die Noorderster. Hy is steeds alles, vir my.

142 Moses het 'n absoluut gehad. Toe hy daardie brandende bos ontmoet het, was dit 'n absoluut vir hom. Toe Josua, toe Josua . . .

143 O, weet julle, somtyds wanneer jy 'n absoluut neem, sal 'n absoluut jou na 'n paradoks lei. Dis reg. Ja. 'n Pradoks is iets wat werklik is, maar nie verduidelik kan word nie. Dis 'n paradoks.

144 Toe Josua daar gestaan het, en gesien het hy verkeer in nood! God het hom opdrag gee om daarheen te gaan en daardie land in te neem, al daardie mense te verdryf, en—en Israel in die land te plaas. En eendag, is die leërs verslaan, en daar in die land. En voor—voor jy weet waar jy is, het hy geweet hy het hulle verslaan, solank as hy hulle uitmekaar gejaag het. So, toe hy het, was die son aan die sak. En Josua was gebind aan 'n Absoluut, die Woord

van God, die Skepper. Hy was verbind aan 'n taak wat hy moes verrig. Amen.

145 Somtyds is dit nie aangenaam om dit te moet doen nie; jy moet gevoelens seermaak, sny en kap. Maar dis 'n absoluut.

146 Hy was in die nood. Hy het gesê: "Son, staan jy stil, oorkant! Maan, hang jy net daar!" En, vir vier-en-twintig uur, het sy stilgestaan. O, praat van 'n paradoks! Maar hy was gebind aan 'n absoluut, met 'n opdrag. Ja, inderdaad, God het hom opdrag gegee.

Johannes was seker hy sou die duif sien wanneer Dit op Hom kom.

147 Toe ek daardie Vuurkolom gesien het, soos Paulus op die pad na Damaskus, het ek geweet dit was God se Absoluut, daar was 'n herlewing aan die kom wat die lande sou deurswiep. Ek het geweet Dit sou die tweede Koms van Jesus Christus voorafgaan, en ek glo dit vandag nog. Dis my Absoluut, al was dit 'n paradoks. Sekerlik, dit was 'n paradoks, vir 'n Vuurkolom om daarbo in die lug te hang. En koerante en alles neem die foto Daarvan.

148 Dit was 'n paradoks, nou die dag, op die 15de Maart, of die 15de Mei, bedoel ek . . . nee, die 15de Maart, hierdie afgelope jaar. Wanneer, drie of vier maande tevore: *Menere, Hoe Laat Is Dit? h*et gesê ons sou daarheen gaan: "En sewe Engele sal ontmoet en terugkom en die—die Boek van die Sewe Seëls sal geopen word." En het net daar gestaan saam met Broer Fred Sothmann, wat daar pas "amen" gesê het, gestaan daar by hom, wel, ek het vir hom gesê: "Daar sal 'n geraas wees wat die land sal skud." En ek het gesê: "Dit sal daar wees. Dis SO SPREEK DIE HERE." Dis op bande, bande, bande, van Phoenix al die pad rondom. "Dis SO SPREEK DIE HERE."

149 Eendag, het daar gestaan, die klitsgras afgetrek, of 'n steekgrassie van my bene af, soos dit was; daar het daardie sewe Engele deurgebreek uit die lug en die plek geskud, totdat, rotse, wat vyftig of sestig pond weeg, teen die hang afgerol het. Daar staan sewe Engele het daar gestaan, my opdrag gegee om terug te gaan en hierdie Boodskappe te bring, en het gesê: "Een vir een" sou hulle "ontmoet en vertel wat gebeur het." En dit het presies so. En toe hulle opgevaar het Omhoog, soos *dit*, het dertig myl in die lug opgegaan; en, op dieselfde dag, het hulle die foto Daarvan geneem, die wetenskap het, en het om die wêreld gegaan. Dis 'n paradoks, maar dit was 'n Absoluut. Dit het my hegter gebind aan Jesus Christus, my lewe in Hom ingedraai. Ek weet dit het vreemd gelyk. Dis altyd.

150 Dit was 'n paradoks vir Paulus, om Jesus op die pad na Damaskus te ontmoet. Dis 'n paradoks wanneer God 'n swart sondaarshart verander en dit wit was in Sy Eie Bloed. Dis 'n paradoks. Sekerlik. Glo julle in paradoks? En daardie paradoks,

as dit volgens die Woord van God is, kan dit jou absoluut wees. Paulus se bekering was 'n paradoks, en het sy absoluut geword.

151 Onthou hier, 'n tyd gelede, het ek gesit by 'n ou apteker, en ons het gesels in 'n plekkie. Hy het gesê: "Broer Branham, ek wil jou iets vra." En hy was self 'n Baptis. Hy het gesê: "Glo jy in 'n paradoks?"

Ek het gesê: "Vir seker. Glo beslis."

152 Het gesê: "Ek sal dit vir niemand anders vertel nie, behalwe vir jou," gesê: "maar ek—ek weet jy glo dit."

153 Hy het gesê: "Gedurende die tyd van die depressie," gesê: "moes hulle 'n bewys gehad het, van die distrik, om medisyne vir die siekes te kry." En het gesê: "Eendag, het ek hieragter in die apteek gesit." Gesê: "My seun het die kliënte bedien." En het gesê: "Ek het 'n—'n vrou sien inkom." Het gesê: "Sy was . . . Jy kon sien sy sou binnekort ma word." En het gesê: "Die arme ding kon skaars regop staan. En haar man skamel geklee, beide van hulle. En sy het teen die kant van die toonbank geleun. En hy het gegaan en my seun gevra, hy het gesê: 'Ek het 'n voorskrif hier van die dokter.' Hy het gesê: 'Sal jy dit vir my opmaak en my toelaat om my vrou huis toe te neem?' Hy het gesê: 'Ek het probeer om haar in daardie tou te laat staan. Kyk net daar straat-af,' het hy gesê: 'dit sal vier of vyf uur wees.' En het gesê: 'Sy is nie nou in staat om te staan nie, jy kan dit sien.'"

154 En die jongman het gesê: "Meneer, ek—ek kan dit nie doen nie." Hy het gesê: "Ek sal eers daardie bewys moet hê," gesê: "want ek—ek kan dit nie doen nie. Dis net teen die reëls." En het gesê . . .

155 Sy pa het gesê hy het daaragter gesit en luister, gesien wat die seun gesê het. En hy het gesê: "Net 'n minuut, seun. Wat is dit?"

156 En hy het gesê hy het daarheen geloop. En die ou man, 'n ware Christen, 'n ware geheiligde ou man, hy het gesê: "Wat is dit, my goeie broer?"

157 En hy het gesê: "Meneer," het hy gesê: "ek's . . . my vrou, sy is net gereed om—om—om geboorte te skenk." Hy het gesê: "Ek—ek is . . . ek het hierdie voorskrif van die dokter hier; sekere medisyne, sy moet dit dadelik hê." En het gesê: "Ek—ek het haar daarheen geneem om daar in die kamer te staan." En het gesê: "Ek—ek . . . Kyk na hierdie tou," gesê: "ek twyfel of ek sal inkom, vanmiddag." Gesê: "Ek wonder net of—of jy dit vir my sou kon opmaak?" Gesê: "Ek sal—ek sal daar staan, ek sal—ek sal die geld vir jou kry, die bewys dat die distrik daarvoor betaal."

158 "Wel," het hy gesê: "sekerlik, meneer, ek sal dit vir jou kry." Ek het net die voorskrif neergesit, teruggegaan. Hy het gesê sy seun het teruggegaan en iemand anders begin bedien.

159 Het gesê: "Die dametjie het uitgekyk, twee of drie keer. Sy het net daar gestaan, en sweet op haar gesig, geweet sy was baie

siek. En die broer staan daar met sy arms om haar, julle weet, sê: 'Hou net uit, skat, nou net 'n bietjie langer.' Gesê: 'Die goeie apteker gaan vir ons bietjie medisyne kry.'"

160 Hy het gesê: "Ek het die medisyne reggemaak so gou as ek kon, en my voorskrif opgemaak." En het gesê: "Toe ek dit in haar hand begin oorhandig," het hy gesê: "Broer Branham, het ek gekyk en ek was dit in 'n spyker-gemerkte hand aan die sit." Hy het gesê: "Ek het die dorings aan Sy voorkop gesien." Hy het gesê: "Ek het my oë toegemaak, en ek het teruggekyk." Hy het gesê: "Ek het net daar besef, insoverre as ek gedoen het aan 'die geringste van hierdie My kleintjies,' is dit aan Hom gedoen."

161 Het gesê: "Glo jy dit?"

Ek het gesê: "Met my hele hart, dokter, ek glo elke woord daarvan."

162 Wat is dit? Hy het gesê: "Sedertdien, was Christus meer vir my. Want, deur dit te gedoen het vir daardie vrou," gesê: "dit was 'n paradoks. Daar is geen twyfel dat gewone mense dit nie sou glo nie, maar," gesê: "ek het gedink, om dit sommer vir jou te vertel, want ek weet jy het daardie ervarings gehad."

Ek het gesê: "Ja, meneer. Dis reg," het ek gesê.

163 Ek onthou, toe, Sint Martin, gelees van hom. Toe hy net 'n —'n seun was, is hy deur God geroep. Sy mense was heidene. En sy vader was—was soort van, o, ek weet nie, ek dink 'n militêre man, en—en dis reg vir hulle seun om hulle te volg. Hy het gesê . . . eendag, daar deur die stad gegaan. Ek vergeet nou waar dit was. En ek dink hy was 'n Fransman. En hy het gesê hy het deur die gaping gegaan; daar het 'n ou man daar gelê, aan die doodvries, baie koue weer. En mense het verbygegaan, wou hom niks gee nie. En hy het gestaan. En mense het absoluut voorgegee om gelowiges te wees, en sou deurgaan, die ou man daar laat lê. En hy het gesoebat vir iets om om hom te draai, gesê hy was aan die doodvries.

164 En Sint Martin gaan soontoe, voor sy bekering, nou, het sy jas gevat, synde 'n soldaat, en dit in twee gehalveer en die ou boemelaar toegedraai daarin, die ander om hom gesit. Mense het vir hom gelag, gesê: "'n Snaakse soldaat, met 'n halwe jas aan." Sien, dit laat jou dinge vreemd doen. Daar was iets in hom, dat hy geglo het daar was 'n God.

165 Daardie nag, na hy bed toe is en 'n rukkie geslaap het, wakker geword. Iemand het hom wakker gemaak, en hy het gekyk. Het daar by sy bed gestaan, en daar het Jesus gestaan toegemaak in daardie ander stuk jas. Dit was die begin van Sint Martin.

166 Wat was dit? Hy het 'n absoluut gehad, dat God se Woord waar is. "'Wat julle doen aan hierdie geringstes van My, doen julle aan My." Broer, ek's gebind aan daardie Absoluut. En ek weet dat elkeen van julle . . .

167 In plaas van 'n altaaroproep te maak, vanmôre, dink ek wil ek graag 'n toewydingsoproep maak. Laat ons ons toewy aan hierdie Absoluut. Glo julle dat die Woord God se absoluut is? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle Hy's vandag dieselfde as wat Hy ooit was? ["Amen."]

168 Daar is predikers hierbinne, sou julle nie graag julle lewens wou toewy, net, net 'n Absoluut neem nie? Wat wil ons vandag hê? Wat het ons te make met 'n gemeenskapskaart of 'n getuigskrif? Ons wil Jesus Christus hê. Ons is nie gebonde aan 'n gemeenskapskaart nie. Ons is gebind aan die Woord van God: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd." Glo julle dit? [Predikers sê: "Amen."—Red.]

169 Laat ons net opstaan op ons voete nou en ons lewens toewy. Ek wil myne, ook. Ek bind my, opnuut. Ek gaan my verbinding na, knoop is vas. Ek gaan my absoluut na. "Here, as daar enigiets in my is, behalwe U Woord, neem dit weg. Ek ken niks anders behalwe U nie. Ek wil niks anders behalwe U ken nie." Nou, elkeen, op jou eie manier.

170 Ek het met julle gepraat deur die week. Ek het julle die Waarheid vertel. God het die Waarheid bevestig. Hy het dit weer oor en oor, en oor gedoen. Julle weet wat die Absoluut is. Nou aan julle en my, tesame, al julle vroue, al julle mans, seuns, meisies, wat julle ook al is, laat ons; al julle koor, al—al julle mense hierbo, oral, tesame; onder in die kelderverdieping, bo op die balkon, teen die mure om, agter in die vleuel; waar ons ook al is, laat ons Jesus neem, ons Absoluut, want ons moet by die dal van die skadu van die dood kom. Ek ken niks anders behalwe Hom nie. Hy is my Absoluut, omdat Hy opgewek is in my lewe en ek weet Hy's werklik.

171 Laat ons net ons hande nou opsteek en bid. Laat ons ons toewydingsdiens hou.

172 Here Jesus, U Woord is van ouds, Dis die begin en die einde. Ek, saam met hierdie gemeente, wy my nou opnuut oor hierdie preekstoel vandag. Ek vra vir hierdie kerk, die Life Tabernakel, vir 'n toewyding. Besleg alle verskille, laat dit alles weg wees, verby en begrawe. Predikers van die Evangelie, wat bekommerd is . . . en gedink het iets sou plaasvind. O God, ons verbind ons, vanmôre, aan Jesus Christus die Woord; en vasbeslote om niks te ken behalwe Christus nie, en Hom as gekruisigde. O Noorderster, O Heilige Gees, O Kompas van God, kom nou in elke hart in. En ons wy ons toe aan U, deur Jesus Christus se Naam. Glorie aan God! Amen.

Goed, broer.

'n Absoluut AFR63-1201M
(An Absolute)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 1 Desember 1963, by die Life Tabernakel in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2015 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org